Privaatskool Elnatan

Die toekoms van die wêreld is vandag in ons klaskamer.

BELEIDSDOKUMENT: SH06

ORIËNTERING – GRAAD 8

Direksie- / Bestuurslid	Naam en van:	Handtekening van aftekenaar:
Voorsitter:	Hannes Thorburn	
Ondervoorsitter:	Louisa Campbell	
Skoolhoof:	Tinus Botma	
Adjunkhoof:	Johan Adriaanse	

Datum goedgekeur:	Augustus 2019	
Goedgekeur deur:	DIREKSIE / BESTUURSPAN	
Hersieningsdatum:	Augustus 2022	
Hersien deur:	BESTUURSPAN	
Uitgawe:	2de	
Verantwoordelike persoon:	SKOOLHOOF	

DOEL:

Graad 8 Oriëntering is ‘n manier waarop die Graad 12 leerlinge van Privaatskool Elnatan ‘n samehorigheid onder die graad 8 leerlinge ten doel stel. Tydens hierdie proses sal alle beskaafde norme, respek vir medeleerders, skoolreëls en dissipline gehandhaaf word. Om die positiewe onderrig klimaat by Privaatskool Elnatan, waarop ons baie trots is, te handhaaf, werk die skoolgeledere onvermoeid om hoë standaarde op alle gebiede te handhaaf en die oriëntering van Graad 8 leerlinge word hierby ingesluit.

Die leerlingraadvoogde is ten alle tye teenwoordig en verantwoordelik vir die ontgroening. GEEN oriëntering mag plaasvind sonder dat hulle teenwoordig is, of buite die vooraf goedgekeurde tye nie.

Die Gr. 8 registeronderwyser is verantwoordelik vir die alle reëlings en toesig t.o.v. die sottekamp en nuwelingskonsert.

Die volgende reëls geld en ‘n skriftelike ooreenkoms word tussen die graad 12 leerlinge en Privaatskool Elnatan in hierdie verband gesluit.

- Die Erekode van Privaatskool Elnatan moet ten alle tye uitgevoer word.
- Alle reëls van oriëntering soos voorgestel deur die skool moet gehoorsaam word.
- Geen leerling mag emosioneel afgebreek word nie.
- Geen Graad 8 leerling mag fisies afgeknou word nie.
- Geen leerling mag gedwing word om enige onsedelike aksie uit voer of om hul klere uit te trek nie.
- Geen leerlinge mag gevra word om met hul eie geld vir ‘n Graad 12 leerling voorrade te koop nie.
- Geen leerling mag gebruik om vir ‘n Graad 12 leerling geld in te samel nie.
- Graad 12 leerlinge wat enige van hierdie reëls verontagsaam, sal afstand doen van hul voogskap met enige Graad 8 leerling vir die res van die jaar en nie verder die voordele van ‘n senior geniet nie.
- Die leerlingraadsvoog(de) en die skoolhoof sal optree teen leerlinge wat hulself skuldig maak aan ernstige ontoelaatbare gedrag wat met oriëntasie van enige Graad 8 leerling verband hou.
- Alle mediese toestande wat gr. 8 leerlinge mag hê moet onder die aandag van die leerlingraadvoogde sowel as gr. 12 leerlinge gebring word. Daar moet ten alle tye sensitief hierteenoor opgetree word.
- Vermy alle aktiwiteite wat enigsins skade aan leerlinge se eiendom of kleredrag kan aanrig / veroorsaak. Skuldiges sal verantwoordelik gehou word vir die koste van eiendom beskadig.
- Geen vrot items of items wat infeksie aan oop wonde kan veroorsaak mag in die sottebad gegooi word nie.

- Die graad 8’s mag aan geen riskante aktiwiteite blootgestel word wat beserings kan veroorsaak nie.